Oplossings vir armoede

Die grap dat armoede oorerflik is (jy kry dit mos van jou kinders) het seker, op ‘n meer ernstige manier, ‘n rol gespeel in China se besluit dekades gelede om ouerpare te beperk tot een kind. In lande soos Japan en Duitsland het geboortesyfers ook gedaal maar agv die vrywillge besluit van meer opgevoede, ekonomies aktiewe burgers om kleiner gesinne te hê.

Noudat die debat oor die groeiende gaping tussen rykes en armes weer opvlam hoor mens al hoe meer die argument dat regerings van derdewereld lande meer moet doen om bevolkingsgroei te beperk eerder as om die armes met staatsgeld te ondersteun. Die voorstel dat jong dogters, byvoorbeeld, wat ‘n toelaag ontvang vir elke baba eerder beloon moet word as hulle nie swanger raak nie. Maar dit is nie so eenvoudig in die moderne wereld waar basiese menseregte politiek retoriek bepaal nie.

Rykes soos Bill en Melinda Gates stem ook nie saam met sulke drakoniese idees nie. In teendeel, hul stigting het reeds gehelp om gesondheidsorg onder die armes tot so’nmate te verbeter dat die getal kinders wat voor die ouderdom van vyf sterf, nou die helfde minder is as 15 jaar gelede. Teen 2030 kan dit weereens halveer tot so een in 40. Vir die leek lyk dit dus of hiierdie filantrope armoede aanhelp.

Mens wonder hoe om die kloutjie by die oor te bring totdat Bill byvoeg dat ook beter kunsmis, hoeopbrengs saad en siektebestande gewasse saam met beter paaie en groter markte daarvoor sal sorg dat Afrika se landbouproduksie oor die volgende 15 jaar sal verdubbel. Alhowel 70% van sub-Sahara se bevolking boere is (teenoor die 2% in die VSA) kan die lande hulself nog nie voed sonder invoere en skenkings nie.

Ook voorsien Gates ‘n geweldige verbeterimg aan die kom in opleiding en onderrig, gelei deur mobiele kommunikasie tegnologie wat meer menses sal bemag om van die nuwe geleenthede te benut.

Wel, 15 jaar is net om die draai so ons hoef nie lank te wag om te sien of Bill-hulle se Afrika- voorspellings gaan waar word nie. – Roelof Bezuidenhout